

AFRIKAANS LANGUAGE

Paper 8679/01
Speaking (Optional)

There were too few candidates for a meaningful report to be produced.

AFRIKAANS LANGUAGE

Paper 8679/02 Reading and Writing
--

Kernboodskappe

Ten einde goed te vaar in **Vraag 1** moes leerders:

- sinonieme vir gegewe woorde in die teks soek; en
- die sinonieme akkuraat oordra.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 2** moes leerders:

- die aanvangswoorde van sinne gebruik om gegewe sinne te herformuleer; en
- hul vermoë toon om sinne grammatikaal te manipuleer.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 3 en 4** moes leerders:

- 'n teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- toepaslike inligting in die teks identifiseer
- antwoorde formuleer wat logies op die vrae volg; en
- vrae duidelik, doeltreffend en sover moontlik in hul eie woorde beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 5(a)** moes leerders:

- die opdrag verstaan
- inligting uit beide tekste gebruik om ooreenkomste en verskille in die tekste te identifiseer; en
- die ooreenkomste en verskille bondig en logies in 'n samehangende paragraaf opsom.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 5(b)** moes leerders:

- persoonlik reageer op 'n vraag wat op die tema van die tekste gebaseer is; en
- 'n gemotiveerde respons in 'n bondige paragraaf verskaf.

Algemene kommentaar

Vraag 1

- Leerders met 'n groter blootstelling aan Afrikaans vind dit makliker om hierdie vrae te beantwoord.
- Leerders word aangemoedig om te toets met watter sinonieme in die teks die gegewe woorde logies vervang sou kon word.

Vraag 2

- Leerders word aangemoedig om na te dink oor hoe die gegewe eerste woorde van elke antwoord ingespan kan word om 'n logiese en grammatikaal korrekte herskrywing van die gegewe sinne te verskaf.
- Dit is noodsaaklik om die gegewe sinne te bestudeer en seker te maak dat al die elemente daarin in die antwoord vervat word.

Vraag 3 en Vraag 4

- Leerders word aangemoedig om die teks eers te vluglees om 'n gevoel vir die strekking te kry, dit dan aandagtig te lees, vervolgens die vrae te lees, en laastens die vrae een vir een te herlees en met verwysing na die teks te beantwoord.
- Leerders moet aandag gee aan die opdragwoord en seker maak hulle verstaan wat in elke vraag van hul verwag word.
- Hulle moet seker maak elke antwoord volg logies op die vraag.
- Leerders moet die paragraafverwysings by die vrae noukeurig volg ten einde vrae doeltreffend te beantwoord.
- Dit is noodsaaklik dat leerders hul taalkennis deurgaans nadenkend toepas sodat hulle nie onnodige foute begaan nie.
- Vrae word op so 'n wyse gestel dat sinne nie net uit die teks oorgeskryf kan word nie. Leerders moet dus besef hulle moet self antwoorde vir vrae formuleer.

Vraag 5

- (a)
- Leerders word gevra om sinvolle ooreenkomste en verskille in die tekste te identifiseer.
 - Daar word aanbeveel dat hulle eers slegs op die ooreenkomste en dan slegs op die verskille fokus (of andersom, indien hulle sou wou).
 - Hulle kan in gedagte hou dat daar een punt per ooreenkoms en twee punte per verskil beskikbaar is.
 - Daar word van leerders verwag om ooreenkomste en verskille hoofsaaklik in hul eie woorde te formuleer.
- (b)
- Omdat hierdie opdrag 'n persoonlike respons van leerders verwag, is dit noodsaaklik dat hulle hul eie gemotiveerde antwoord op die vraag gee.

Kommentaar op spesifieke vrae

Vraag 1

- (a) Byna al die leerders het hierdie vraag korrek beantwoord.
- (b) Baie leerders het hierdie vraag korrek beantwoord.
- (c) Alhoewel baie leerders die vraag korrek beantwoord het, het sommige nie verstaan wat 'psigologiese' of 'sielkundige' beteken nie.
- (d) Dit was die vraag in **Vraag 1** waarmee heelwat leerders gesukkel het. Hulle het gereeld verkeerdelik 'bondig' of 'boeiend' geantwoord.
- (e) Baie leerders het hierdie vraag korrek beantwoord.

Verdere algemene kommentaar vir Vraag 1

- Leerders moet in gedagte hou dat die vrae die volgorde van die teks volg.
- Indien leerders onseker is of 'n antwoord reg is, moet hulle toets of dit logies in 'n spesifieke sin pas. Hulle kan ook in gedagte hou dat die antwoord dieselfde woordsoort as die gegewe woord sal wees.
- Die meeste leerders het die woorde uit die teks korrek neergeskryf; leerders wat 'n woord verkeerd neerskryf, verbeur die punt.
- Daar word nie van leerders verwag om reëlverwysings by hul antwoorde te skryf nie.
- Groter blootstelling aan gesproke en geskrewe Afrikaans sal leerders help om beter in hierdie vraag te vaar.

Vraag 2

- (a) Hierdie vraag het getoets of leerders die korrekte woordorde ná 'dat' kan gebruik. Alhoewel heelwat die vraag korrek beantwoord het, het verskeie nie 'is' na die einde van die sin geskuif nie.
- (b) Baie leerders het die vraag korrek beantwoord, maar sommige het die punt verbeur deur nie tyd ('gereeld') voor plek ('in advertensies') te skryf nie.
- (c) Alhoewel die meeste leerders die vraag korrek beantwoord het, het sommige die punt verbeur deur die verkeerde vorm van 'kom ... voor' te gebruik – 'gevoorkom' of net 'voor kom' in plaas van 'voorgekom'.
- (d) Hierdie vraag het leerders se vermoë getoets om 'n sin se bou te verander sonder om die strekking te verander. Talle het goed gevaar.
- (e) Alhoewel 'n goeie klompie leerders die lydende vorm korrek toegepas het, het verskeie 'deur jy' in plaas van 'deur jou' geskryf. Die sterk kandidate het besef dat hulle 'deur jou' kon uitlaat.

Verdere algemene kommentaar vir Vraag 2

- Leerders kan herinner word dat hulle mooi moet kyk na wat gegee word en dan logies daarop moet reageer. Hulle moet 'n verskeidenheid soorte sinskonstruksies in **Vraag 2** verwag.
- Leerders moet aandag gee aan die korrekte woordorde ná voegwoorde soos 'dat'.
- Leerders moet begryp hoe 'word', 'is' en 'sal word' in die lydende/passiewe vorm gebruik word.
- Dit is noodsaaklik om te verstaan hoe werkwoorde in die verskillende tye verander, maar nie verander indien 'n sin se tyd nie verander nie.
- Begrip van die rol van die onderwerp en die voorwerp in 'n sin behoort leerders te help om sinne doeltreffend tussen die lydende en die bedrywende vorm om te skakel.
- Dit is belangrik om aandag te gee aan hoe 'n sin se bou verander as dit met 'n bysin/sinsnede in plaas van 'n hoofsin/onderwerp begin (of andersom).

Vraag 3

- (a) Leerders moes paragraaf 2 noukeurig lees om hierdie vraag korrek te beantwoord deur te verwys na vier kenmerke van advertensietaal (let wel, nie van advertensies nie). Hulle kon in vier kort volsinne wat met 'Dit' begin, antwoord, byvoorbeeld: Dit gebruik min woorde; Dit is spreektaal; ens.

Antwoorde soos slegs 'spreektaal', 'spaarsamig', 'teikenmark' en 'beloftes' het geen punt gekry nie omdat dit nie kenmerke beskryf nie.

In die teks verwys die woorde 'dit is amper 'n gedig waarin elke woord tel en daar heelwat tussen die reëls gesê word' na die advertensie en nie na advertensietaal nie.

- (b) Baie leerders het die volle twee punte behaal vir die verwysings na advertensies wat korter geword het omdat mense deesdae min tyd het.
- (c) Vir hierdie antwoord wat op paragraaf 4 gebaseer is, moes leerders die vraag goed lees en verduidelik hoe woordkeuses in advertensies kopers beïnvloed. Hulle kon nie net verwys na tipiese woordkeuses in advertensies nie. Hulle moes dus byvoorbeeld sê kopers voel asof 'n geheim aan hulle vertel word, hulle voel hulle moet die produk gou gaan koop, en hulle voel spesiaal.

Sommige leerders het punte verbeur deur sinne uit die teks oor te skryf sonder om ag te slaan op wat gevra is.

- (d) Anders as **Vraag 3(a)** wat na advertensietaal verwys het, het hierdie vraag na advertensies verwys. Soos in **3(a)** waarin leerders na kenmerke moes verwys, moes leerders hier vereistes beskryf. Weer eens kon hulle in vier kort volsinne wat met 'Dit' begin, antwoord, byvoorbeeld: Dit is vars/oorspronklik; Dit is skeppend; Dit laat die produk verkoop; Dit vermaak mense; Dit laat mense die produk onthou.

'n Algemene fout was dat leerders gesê het mense moet die advertensie onthou, terwyl dit die produk is wat onthou moet word.

Sommige leerders het punte verbeur deur sinne of sinsdele uit die teks oor te skryf sonder om na die vereistes van suksesvolle advertensies te verwys.

- (e) In hierdie vraag moes leerders let op die gebruik van 'Hoe' – 'Hoe leer ken kopieskrywers die produk wat hulle adverteer?' Diegene wat gesê hulle moet alles weet van die produk wat hulle adverteer, het die punt verbeur. Hulle moes sê kopieskrywers gebruik self die produk en marknavorsers help hulle om inligting daaroor in te samel. Leerders wat geskryf het kopieskrywers gebruik 'selfs' die produk, het die punt verbeur, want dit verander die betekenis van die antwoord.

Vraag 4

- (a) In hierdie vraag was die opdragwoord 'Verduidelik' belangrik. Leerders kon dus nie net herhaal wat in paragraaf 1 staan nie; hulle moes verduidelik hoe die skrywer advertensies beskou. Leerders wat die twee punte behaal het, het gesê advertensies is noodsaaklik (nie net belangrik nie) vir die ekonomie, soos die hart vir die liggaam. Hulle moes na die ekonomie en na die vergelyking verwys.
- (b) Die opdragwoord 'Bespreek' het aangedui dat leerders nie net die drie komponente kon noem nie, wat sommige ongelukkig gedoen het. Hulle moes die woorde 'geloofwaardigheid', 'opvoedingswaarde' en 'oortuigingswaarde' kortliks binne die konteks van die teks verduidelik – mense moet dit kan glo, dit moet mense iets leer, en dit moet mense oortuig om iets te koop.
- (c) Hierdie 4-puntvraag was uitdagend. Leerders moes positiewe waardes in die beskrywing van die advertensie identifiseer. 'n Klompie leerders het die fout begaan om positiewe kenmerke van die bank te noem, wat nie gevra is nie. Die leerders wat goed gevaar het, het verwys na die waarde daarvan om hard te werk, om sakgeld te verdien, om geld te spaar, van ouers wat vir hul kinders omgee, en van kinders wat na hul ouers omsien.
- Leerders wat net die teks oorgeskryf het, het geen punte behaal nie.
- (d) In hierdie vraag moes leerders die skrywer se siening van die advertensie verduidelik. Hulle moes dus verduidelik wat sy daarvan gedink het of hoe sy daarvoor gevoel het. Hulle kon nie net herhaal wat in die teks staan nie.
- (e) Vir hierdie vraag het leerders volpunte behaal indien hulle die skrywer se mening van die drie advertensies in hul eie woorde weergegee het – hulle moes slegs sê waarom sy ongelukkig oor die advertensies was. Een punt is toegeken vir leerders wat net gesê het sy hou nie van advertensies wat goeie waardes ondermyn nie.

Verdere algemene kommentaar vir Vraag 3 en 4

- Een van die twee tekste is dikwels meer feitelik en die ander meer meningsgebaseerd, en leerders vaar gewoonlik beter in eersgenoemde. Dit was weer die geval. Die leerders het heelwat beter in **Vraag 3** as in **Vraag 4** gevaar. 'n Belangrike rede hiervoor is dat die **Vraag 4** se vrae 'n hoër mate van leerders se eie insig en woordeskat vereis het.
- Daar word beklemtoon dat leerders ag moet gee aan opdragwoorde. Leerders wat byvoorbeeld slegs noem wanneer hulle moet verduidelik, sal punte verbeur.
- Aansluitend by bogenoemde, is dit noodsaaklik dat leerders die vrae deeglik lees sodat hulle presies weet wat van hulle verwag word.
- Dit is noodsaaklik dat leerders aandag gee aan die woorde in die opdrag: *Antwoord sover moontlik in jou eie woorde en moenie hele sinsdele woordeliks uit die teks neerskryf nie*. Sommige leerders voer hierdie opdrag te ver deur te voel hulle mag nie enige woorde uit die teks gebruik nie. Die waarskuwing is teen die bewustelike of ondeurdragte oorskryf van sinne uit die teks.
- Dit was verblydend dat minder leerders die vraag in die antwoord herhaal het.

- Basiese spelfoute soos 'he' in plaas van 'hê' en verwarring tussen byvoorbeeld 'se' en 'sê', 'self' en 'selfs', 'ander' en 'anders' en 'lyk' en 'hou van' lei daartoe dat leerders punte verbeur. **Voorbeeld:** 'Die kopieregskrywer se mense moet die produk onthou' – die gebruik van 'se' in plaas van 'sê' veroorsaak dat die punt verbeur word.
- Lengte van antwoorde: Die ruimte wat vir elke antwoord verskaf word, is genoeg vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Leerders moet hul antwoorde beplan sodat hulle nie onnodige inligting insluit nie.
- Die verkeerde gebruik van voornaamwoorde – soos die eerste persoon in plaas van die derde persoon of vroulike in plaas van manlike voornaamwoorde – kan daartoe lei dat 'n andersins korrekte antwoord ongeldig raak.
- Leerders word herinner om in hul antwoorde slegs te verwys na die paragrafe wat by elke vraag aangedui word.
- Slegs inligting uit die teks moet gebruik word om die vrae te beantwoord; nie leerders se eie ervaring of kennis nie. Sommige leerders het hul eie kennis van advertensies gebruik om van die vrae te beantwoord, en toe geen punte behaal nie.
- Netjiese en leesbare werk is van kardinale belang. Indien dit nodig is om woorde dood te trek, moet dit netjies gedoen word en netjies herskryf word.

Vraag 5

- (a) Dit blyk dat leerders wat hul opsomming eers beplan, dikwels beter vaar. Leerders kan bv. leë bladsye agter in die antwoordboek vir beplanning gebruik.

In die beste antwoorde het leerders eers die ooreenkomste tussen die tekste en dan die verskille bespreek. Hulle het hul gedagtes duidelik, logies en hoofsaaklik in hul eie woorde uitgedruk. Hulle het ook ongeveer 100 woorde gebruik.

Enkele leerders het die tekste se titels, publikasiedatums, bron en aantal paragrawe verkeerdelik as sinvolle verskille genoem.

Verdere algemene kommentaar vir Vraag 5(a)

Leerders kan aan die volgende wenke herinner word:

- Maak seker jy verstaan op watter aspekte van die tekste jy moet konsentreer.
 - Beplan jou antwoord.
 - Verwys slegs na sinvolle ooreenkomste en verskille.
 - Fokus eers op die ooreenkomste en dan op die verskille – elke ooreenkoms kan in een sin beskryf word en elke verskil kan óf in een langer sin óf in hoogstens twee korter sinne beskryf word.
 - Onthou dat elke ooreenkoms een punt en elke verskil twee punte kan verdien.
 - Skryf bondig en logies.
 - Wees spesifiek; nie vaag nie.
 - Moenie idees met aanhalings staaf nie.
 - Gee aandag aan jou taalgebruik.
 - Skryf netjies en leesbaar.
- (b) Die meeste leerders kon oor die onderwerp skryf en talle het na hul eie ervaring van advertensies en die voorkoms van advertensies in sosiale media verwys. Die beste antwoorde het kortliks redes gegee waarom leerders wel deur advertensies beïnvloed word of nie en het duidelik 'n persoonlike reaksie op die vraag verskaf.

Algemene kommentaar vir Vraag 5(b)

Leerders kan aan die volgende wenke herinner word:

- Gee jou eie gemotiveerde antwoord op die vraag.
- Stel jou standpunt bondig, logies en duidelik.
- Moenie net na die standpunte in die tekste verwys nie; voeg jou eie idees by.
- Gee aandag aan jou sinsbou en taalgebruik.

Nuttige uitdrukkings om in Vraag 5(b) te gebruik

- Na my mening ...
- Ek is van mening ...
- My standpunt is ...
- Ek stem saam dat ...
- Ten slotte ...

AFRIKAANS LANGUAGE

Paper 8679/03
Essay

Kernboodskappe

Van die kandidate is verwag om oor een van die opdragte wat in die vraestel verskaf is, te skryf. Hulle moes nie net hul taalvermoë toon nie, maar ook hul vermoë om 'n bepaalde argument te struktureer en hul standpunt(e) ten opsigte van 'n spesifieke beskouing te motiveer. Punte is daarom toegeken vir sowel taalvermoë (24) as inhoud (16). Kandidate met 'n swakker taalvermoë was dikwels nie daartoe in staat om hul standpunte duidelik te formuleer nie, of 'n argument sinvol te voer nie, terwyl kandidate met 'n beter taalvaardigheid uiteraard in staat was om 'n hoër punt te behaal weens hul vermoë om hul opstel meer sinvol rondom 'n bepaalde beskouing te struktureer.

Meestal het kandidate punte verbeur deur ongrammatikale sinskonstruksies, gebrek aan woordeskat (met gepaardgaande gebruik van Engelse woorde) en willekeurige gedagtegang, asook herhaling van reeds gestelde idees. In sommige opstelle is die opdrag verkeerd geïnterpreteer, met gevolglik 'n negatiewe impak op die inhoudsbepunting. In sommige opstelle was daar 'n merkbare vaardigheidsverskil tussen die eerste inleidende paragrawe en die res van die opstel. In enkele gevalle het die betrokke kandidaat nie geweet hoe om verder te gaan ná die aanvanklike inleiding nie.

Algemene kommentaar

Die kandidate was meestal goed voorberei vir hierdie vraestel. Nie net het die kandidate in die breë 'n goeie begrip vir die gekose opdrag getoon nie, maar in die beter opstelle was daar ook 'n duidelike inleiding met 'n toepaslike gevolgtrekking in die slotparagrawe te bespeur. Sommige kandidate het nie hul opstel vooraf beplan en dit skematies uiteengesit nie. Die gevolg was 'n ongestruktureerde opstel waarin dieselfde gedagtes en beskouings herhaal is ten einde die woordtelling te bereik.

Meer spesifieke punte van belang, is die volgende:

1. Netheid en leesbaarheid

Onnet, onversorgde werk en onleesbare handskrif kan die opstel se algehele indruk negatief beïnvloed.

2. Taalfoute

Die volgende probleme kom voor:

- Idiome word onvanpas of verkeerd gebruik.
- Woordorde na 'dat' is verkeerd.
- Engelse woorde word gebruik as gevolg van beperkte woordeskat.
- Woordorde volg die Engelse struktuur.
- Voorsetsels word verkeerd gebruik.
- Die tweede 'nie' van die dubbele negatief ontbreek.
- Die verkeerde gebruik van 'hulp' (naamwoord) en 'help' (werkwoord).
- Die verkeerde gebruik van 'as' wanneer 'terwyl', 'soos' of 'wanneer' veronderstel word.

3. Voorbeelde van tipiese taalfoute

- 'Ek nodig mense' i.p.v. 'Ek het mense nodig'
- 'spandeer tyd' i.p.v. 'tyd bestee' of 'tyd saam met iemand deurbring'
- 'n mense' i.p.v. 'n mens'
- 'meeste van die tyd' i.p.v. 'die meeste van die tyd'

- 'met dit' i.p.v. 'daarmee'
- Anglisismes, soos 'op die einde van die dag'
- 'uitmis' op iets
- 'watse' i.p.v. 'watter'
- 'anders' met verwysing na ander mense (na die voorbeeld van Engels: 'others')
- 'ek hou ook om' i.p.v. 'ek hou van iets' of 'ek hou daarvan om'
- 'in natuur' i.p.v. 'in die natuur'
- 'in moderne lewe' i.p.v. 'in die moderne lewe'
- 'klomp mense' i.p.v. 'n klomp mense'
- 'gevoelings' i.p.v. 'gevoelens'
- 'hulself geniet' i.p.v. 'om iets te geniet'
- 'gelukkigheid' i.p.v. 'geluk'
- 'deur om' i.p.v. 'net deur'
- 'saam my' i.p.v. 'saam met my'
- 'lief' i.p.v. 'leef' (n.a.v. die Engelse *live*)
- 'nommer' i.p.v. 'getal' of 'aantal'

Kommentaar op spesifieke onderwerpe

Die oorskouende indruk is dat vanjaar se kandidate werk van goeie gehalte gelewer het. Die onderwerpe is merendeels deeglik bedink en op gestruktureerde wyse benader – iets wat ook getuig van die betrokke onderwyser se deeglike oriëntasie en kundige leiding. Sommige kandidate het egter punte verloor omdat hulle nie die onderwerp reg lees en by die onderwerp hou nie.

By **Onderwerp 1**, by verre die mees gewilde onderwerp, het party kandidate slegs op die eerste deel van die stelling reageer en beskryf hoe gelukkig hulle is wanneer hulle alleen is (of nie is nie). Die tweede deel van die stelling is grootliks geïgnoreer. Ander kandidate het tussen die twee idees geswaai en wisselvallig verduidelik wanneer hulle graag alleen is en wanneer nie, sonder 'n duidelike argumentatiewe lyn.

Slegs 'n klein aantal kandidate het **Onderwerp 2** gekies. Diegene wat die uitspraak korrek geïnterpreteer het, het oor die algemeen sterk, volwasse opstelle gelewer. Swakker kandidate het egter nie die stelling verstaan nie en hul beperkte taalvermoë en onsamehangende uitdrukkingsvermoë het hul antwoorde verder verswak.

Onderwerp 3 was ook 'n gewilde keuse. Hoewel die meeste kandidate die vraag redelik goed hanteer het, het sommige verval in 'n algemene uiteensetting oor vryetydsbesteding en die handhawing van 'n balans tussen werk en ontspanning. Dit het die indruk gewek dat sommige kandidate 'n voorbereide opstel onder die onderwerp probeer forseer het, eerder as om die gegewe stelling direk te takel.

Dieselfde kommentaar geld vir **Onderwerp 4** as vir **Onderwerp 2**: Kandidate wat die stelling verstaan, en oor voldoende taalvermoë beskik, het goed gevaar. Diegene met gebrekkige begrip en swak taalvaardigheid het swak presteer.

Onderwerp 5 was naasgewild en goed deur die meeste kandidate hanteer. Tog was daar opstelle wat eerder 'n algemene relaas oor natuurbewaring gegee het, as om die implikasies van die stelling te bespreek. Dit het die indruk gewek dat hulle 'n voorbereide skryfstuk onder die onderwerp probeer inforceer.